No 1307 28 Februarie 2016

GEMEENTEBRIEF

Kol 2:14: "Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem."

Gereformeerde Kerk
Pretoria-Alkantrant

Webtuiste: www.gk-alkantrant.co.za • **Facebook:** Gereformeerde Kerk Alkantrant
Predikant: Ds. Dirk Kotzee: 079 305 3297, dkotzee@gmail.com • **Skriba:** Hennie Klopper: 082 578 1417, hbklopper@webmail.co.za
Administratiewe beampte: Magda Coetzee: 082 496 9218, magdacmcoetzee@gmail.com **Attes Skriba:** Tjaart vd Walt: 083 303 1275, mwnts@mweb.co.za *Bankbesonderhede: GK Alkantrant, ABSA rekeningnommer 540 340 404, Takkode: 334 745*

Erediens

Baie welkom in die erediens. Mag die Here ons saamwees met Hom en met mekaar ryklik seën. Ons bid u elkeen 'n geloofsverrykende, vreugde-volle en aangename erediens toe.

EERSTE DIENS:
Ds. Dirk Kotzee
Skriflesing: Lukas 17: 11-19
Teks: Lukas 17: 15 en 16
Tema: "OM DANKIE TE SÊ IS NIE NET WOORDE NIE..."

Dankie is 'n woordjie wat al reeds so moeilik uit 'n mens kom. Want om dankie te sê beteken dat jy jouself in 'n posisie van afhanklikheid plaas en vandag is dit nie heeltemal aanvaarbaar nie. Want ons kan self, sal self en wil self. So gebeur dit dat ons hierdie woordjie gebruik en nie eintlik wil nie. Daarom is die toets van hierdie woord is geleë in die hart waaruit dit kom. En die toets van die hart is geleë in die gedrag. Want opregte dankbaarheid bring 'n bepaalde gedragsverandering te voorskyn. Dit sien ons vanmore duidelik in die verhaal van die tien melaatse mans wat deur Jesus genees word. Om dankie te sê is nie net woorde nie, dit is hart en gedrag ook.

SING:
Loflied: SB 14-2
Verootmoediging: SB 12-5:1
Voorbereiding: Psalm 92:1
Antwoord: Psalm 116: 6,7 en 10
Amen: SB 13-3

TWEEDE DIENS:
Ds. Dirk Kotzee
Skriflesing: Matteus 7:1-13
Teks: Matteus 7
Tema: "GODSDIENS: WAT GOD VEREIS EN VERAG..."

Mens hoor deesdae al meer mense beweer dat God godsdiens haat. Tog lees ons in Romeine 12: 1 dat ons onsself as lewende offers vir Christus moet gee, want dit is die wesenlike van die godsdiens wat ons moet beoefen. Die vraag is dus: haat God dan iets wat Hy beveel. Die antwoord is nee. God vereis ware godsdiens, diens aan God deur jouself as lewende offer aan Christus te gee. Wat God egter wel haat, is valse godsdiens. Godsdiens wat gebou word op vorm en voorkoms. Godsidiens wat gebou word op mense se opinies en nie God se Woord nie.

Sing:
SB 7-2: 1 en 2
SB 8-3:1
Psalm 146: 1 en 2
SB 13-3

Kollekte:
Tydens erediens: Diakonale kas.
By die deure: Teologiese studente kas.
Volgende Sondag: Teologiese studente kas.

Diensbeurte:
Die kerkraadslede van Wyk D1 is vandag aan diens. Hulle is ouderling Marius Els en diaken Annelise van de Venter.
Katkisasietoesig: Gr 2 (Konsistorie kombuis).

GEMEENTE-SAKE:

Reddersburg Muntbottel Projek

Die kleigeld van die afgelope jaar se insameling is onlangs getel. Daar is ’n bedrag van R 1,710.00 ingesamel. Hierdie bedrag is verder aangevul deur die "Kaartjie groepie" (hulle maak geleentheidskaartjies vir verjaaarsdae, geboortes, huwelike ens). Daar is op die einde van die dag ’n totale bedrag van R 3,500.00 aan die Kinderhuis oorbetaal.

Baie dankie aan almal wat bygedra het.

NB. Onthou om julle kleingeld asb Sondae in die muntbottel in die portaal te gooi!

Ons is op Facebook!

Ons het vir jonk, oud, broers, susters en besoekers ’n platform geskep waar ons sosiaal kan verkeer, foto’s deel, nuus uitruil en nuwe vriende kan maak. Almal welkom, kom praat lekker saam op ons *facebook* blad! Ons het al meer as 63 “likes”. Gaan loer so ‘n bietjie na die foto’s van Ds. Dirk se bevestiging.

Beurtkrag:

U word vriendelik gevra om rustig te wees as daar ’n kragonderbreking tydens die erediens sou plaasvind. Ons het ’n kort tydjie nodig vir die orrelis om haar plek voor die klavier in te neem.

GEMEENTELIKE AKTIWITEITE

Sustersake

Skinkbeurte.

Vandag 28/02: F9, F10, G1, G2, H3.

Volgende Sondag 06/03: Geen weens gemeente-kamp.

Susters word vriendelik versoek om maar ’n ogie op die teeskinkbeurtlys in die ingangsportaal te hou en seker te maak wanneer hulle handjie moet bysit.

Katkisasie

Katkisasie direk na die eerste erediens.

Bybelstudie

Daar is weer Bybelstudie eerskomende Woensdagaand om 18:00. Ons bespreek Romeine 2: 1-11.

Droogte-hulp

Die Diakonie het besluit om aan ander Diakonieë in gebiede wat tans onder die droogte gebuk gaan, hulp te verleen. As u wil deel wees van hierdie projek, is u welkom om ‘n geldelike bydrae te maak. Plaas asb. u bydrae in ‘n koevert gemerk ‘Droogte hulp’ in die kollekte-sakkie.

Fondsinsameling: Hout en vleis

Sekelbos-braaihout beskikbaar teen R20 per sakkie, Smaaklike wildswors en maalvleis teen R65 p/kg. Daar is ook wildpasteie, droëwors en biltong te koop. U kan ná die erediens agter die konsistorie (by die motorhuis) vir Nico of Marius kry wat u sal help.

Gemeentekamp

Die gemeentekamp vind DV eerskomende naweek (4-6 Maart 2016) by Buffelspoort plaas. Neem kennis dat daar net een erediens by die kerk sal wees Sondagoggend om 09:00. Ds. Anton Dednam van GK Bersig/Andeon sal die erediens lei.

Verjaarsdae

Hartlik geluk aan almal wat hierdie week verjaar. Ons bid julle ’n mooi, geseënde en voorspoedige lewensjaar toe.

28 Februarie

Boet Breed (082 486 2818) en Org Ehlers (082 441 4262).

1 Maart

Rudie van Deventer (079 571 3268).

2 Maart

Annetjie Heyns (012) 991 0360).

6 Maart

Paul Havemann (012 993 4869), Alida Scholtemeijer (082 7887 300) en Elizabeth van der Walt (012) 993 1250).

7 Maart

Kotie Bekker (082 331 2736) en Charl du Plessis (082 412 9557).

Nuwe Intrekkers

Ons verwelkom hartlik alle nuwe intrekkers. Ons wil graag kennis maak! Ontmoet asseblief na afloop van die diens vir Hennie Klopper (Skriba) by die Konsistorie aan die agterkant van die kerk sodat ons u besonderhede kan kry

Gedagte vir die week:

Geloof is om te glo wat jy nie sien nie;
die beloning van hierdie geloof is om te kan sien wat jy glo.

Augustinus Aurelius (354 – 430)

Dagboek

Hierdie week: *Vandag:* Erediens om 09:00. Ds. Dirk preek. Katkisasie daarna. Tweede ere-diens. Ds. Dirk preek.

Week 2: *Sondag 6 Maart:* Erediens om 09:00. Ds. Anton Dednam preek. Geen katkisasie. Gemeente kamp 04-06/03.

Week 3: *Sondag 13 Maart:* Eerste erediens om 09:00. Ds. Dirk met verlof. Katkisasie daarna. Tweede erediens. Ds. Dirk met verlof. 14/03 Finansiële Kommissie vergader. 16/03 Kerkraadsvergadering. 18/03 Skole sluit.

Week 4: *Sondag 20 Maart:* Net een erediens om 09:00 weens skoolvakansie. Ds. Nico preek. 21/03 Menseregtedag. 25/03 Goeie Vrydag. Erediens om 09:00. Ds. Dirk preek.

Advertensies

Indien daar plek in die gemeentebrief is, plaas ons gratis advertensies. Advertensies sal vir die duur van vier weke geplaas word, of u reël met die redaksie vir volgehoue plasing. Advertensies en berigte moet ons voor 11:00 op die Donderdag voor voorgestelde plasing bereik.

Vakansieverblyf: Natalse Suidkus

SanLameer-eenheid te huur. 3 slaapkamers (slaap 6), 2 badkamers, blouvlagstrand, veilige omgewing, ten volle toegerus. Skakel vir *Marie-Louise Els* by 082 341 0855 of e-pos haar by:

marielouiseels@gmail.com.

Susan Swanepoel Musiekskool

Onderrig in klavier, teorie, harmonie en afrigting in sang. Alle grade. Begeleiding van alle instrumente en sang. Kontak *Susan* by 083 252 0983 of (012) 993 1074.

Vakansieverblyf: Wes-Kaap

Vakansiehuis te huur in Kleinmond. Slaap 6. Ten volle toegerus. Loopafstand na strand. Geen troeteldiere. Beskikbaar teen R600 per dag, minimum 10 dae.

Kontak *Nols of Bettie Swanepoel* by 082 553 8960.

Vars gebak en Spyseniering

Koeke, terte, kolwyntjies, beskuit, “platters” en spyseniering vir funksies, verjaarsdae, kinderpartytjies, doop of spesiale geleenthede.

Skakel *Christiaan Swanepoel* by 073 769 0455 of stuur ’n e-pos aan: *cjswan4@gmail.com*.

Loodgieterswerk

Frieswyk Loodgieters vir enige loodgieterswerk.

Kontak *Gerrit van Wyk de Vries* by 083 271 0892.

Boomsloping en snoeiwerk

Jac Marais (’n lidmaat van die GK Kameeldrift) doen sloping en snoei van bome en struike in tuine.

Skakel (012) 819 1316 of 082 412 7137.

Die Waslyn

Ons kom haal GORDYNE af en was, droog en stryk dit.

Skakel: 078 296 4593.

Mount Amanzi

Geleë agter die Hartebeespoortdam. Selfsorg chalet, slaap 5. Vir fasiliteite in en om die oord, besoek gerus: www.mountamanzi.co.za. Kostes: R700 per nag vir die chalet. Kontak Rietie Havemann by (012) 9934869 of 0733969502

AKKOMMODASIE. Drie kamers beskikbaar vir verkieslik jongmans of studente @ R3000/pm, ongemeubeleerd met veilige parkering. 2 dae per week word vloere skoongemaak en wasgoed gedoen (eie waspoeier). Twee persone deel 'n badkamer met stort. Adres: DOUGLAS Straat 41, COLBYN

Loopafstand vanaf Gautrein, Hatfield en Universiteit Pretoria. Kontak Dalene Jansen: 012 342 4919 of 076 035 5938 Bel net vooraf.